

Oplaas? Ek getuig maar net binne God se werk

Moses is reeds van die begin af uit sy gemaksones geruk, toe God hom na die farao gestuur het. God voorsien aan Moses 'n woordvoerder, naamlik sy broer Aäron en saam moet hulle God se wil gaan bekend maak. Hulle besef nie wat vir hulle voorlê nie, maar hulle vertrou God. Deur die verskillende plae getuig Moses van God se almag binne God se eie werk.

Die tiende en laaste plaag is anders as al die ander plae, deurdat God vir Moses die opdrag gee om vir die farao te sê wat die tiende plaag gaan wees. In vers 1 lees ons wat gaan die farao se reaksie wees nadat die plaag plaasgevind het, want God gaan die farao weer koppig maak en daarom sal hy hulle nie laat trek voor die plaag nie plaasgevind het nie.

Moses het nie altyd die groter prentjie gesien en verstaan waarmee God besig is nie, maar het getrou God se opdragte uitgevoer. In vers 9 sien ons wat was God se doel met al hierdie plae en dit was om sy almag en trou te openbaar. Die Israeliete moes weet dat hulle God in staat is tot enigiets. Moses was die instrument om God se grootheid te openbaar en daarom was sy werke niks anders as 'n getuigenis van God se werke nie.

Ons is net soos Moses elke dag instrumente in God se hand, of dit nou by die huis, werk, skool of kerk is. Ons weet nie wat is die groter prentjie van ons lewe nie, maar ons leef onder leiding van die Heilige Gees rustig voort, omdat ons God in Christus vertrou. Niks gebeur toevallig in ons lewens nie, maar het 'n doel. Ook gaan dit nie in ons lewens oor ons nie, maar om God in alles te verheerlik, sodat almal God se almag en trou, soos in Christus, ook in ons lewens kan raaksien.

Dikwels maak God ons of mense rondom ons koppig, nie om ons lewens te versuur nie, maar om sodoende sy wonders aan ons te openbaar. Daarom moet ons lewens daaglik 'n getuigenis van God se werke wees, soos wat Christus se lewe 'n getuigenis van sy Vader se werke was.

Sing: Psalm 25:2, 4 (1936)

Ds. AN du Plessis (Postmasburg)